

**JOU
GELD-
SAKE**

BETAAL MINDER VIR BOEDELS

Deur **LETITIA WATSON**Stuur voorstelle en versoeke na geldsake@huisgenoot.com. E-posse sal sover moontlik in die rubriek beantwoord word en nie persoonlik nie.

Dit hoef nie so duur te wees om 'n boedel af te handel voor die begunstigdes hul erfposisie kry nie

DAN IS KOSTE LAER

Boedelkoste is laer as daar nie 'n formele beredderingsproses is nie en dit hang van die boedelwaarde af. Die meester van die hooggeregshof het in November die maksimum waardeperk op boedels wat nie 'n eksekuteur verg nie, tot R250 000 verhoog. Dit bespaar natuurlik eksekuteursgeld. Ander besparings behels dat advertensies ook nie geplaas hoef te word nie en dat daar nie 'n likwidasierekening by die meester ingedien word nie. Die vorige perk was R125 000.

DIE VEREISTES

Boedels met 'n waarde van minder as R250 000 wat ná 24 November 2014 by die meesterskantoor aangemeld is, kan moontlik van amptelike bereddering kwytgskeld word. Dit sluit gemeenskaplike boedels in. Dit maak nie saak wat die sterfdatum van die oorledene is en of daar 'n geldige testament is nie. Daar is voorwaardes, soos dat die boedel solvent moet wees. Bates wat buite 'n boedel val, soos begunstigde polisse en pensioenvoordele, word nie in ag geneem nie.

WIE BEREDDER DIE BOEDEL?

As 'n eksekuteur nie nodig is nie, stel die meester 'n verteenwoordiger aan wat die boedel afhandel. Dit kan 'n erfgenaam, familielid of vriend wees, maar nie iemand wat handelsonbevoeg of minderjarig is nie, sê Erik Troost van AM Trust in die Paarl. Hy het beperkte magte en verpligtinge, soos om skuldeisers te betaal en te verseker die erfgename ontvang hul deel. Is die boedel insolvent, stel die meester 'n eksekuteur aan.


AS BATES VERMEERDER

Dit gebeur soms dat bates opduik wat nie in die voorlopige boedel-inventaris verskyn nie. Die meester se verteenwoordiger kan net werk met die bates wat in die inventaris verklaar en op die aanstellingsbrief gespesifiseer is. 'n Gewysigde inventaris met die bykomende bates moet dan by die meester ingedien word, sê Erik. As die bruto waarde die R250 000-kerf oorskry, sal die meester dalk 'n eksekuteur aanstel.

VYF VRAE OOR BOEDELS

- 1 Moet ek dit steeds aanmeld?** Ja, boedels moet steeds by die meester gerapporteer word, met die voorgeskrewe dokumente en testament, as daar een is.
- 2 Kan die verteenwoordiger in die buiteland woon?** Die persoon moet 'n woonadres in Suid-Afrika hê.
- 3 Wat is 'n intestate boedel?** As iemand sterf sonder om erfgename te benoem, bepaal die Wet op Intestate Erfopvolging hoe die boedelbates tussen die bloedverwante verdeel moet word. Dit geld ook vir dié met 'n testament, maar sonder begunstigdes.
- 4 Wie is boedelkenners?** Dit sluit prokureurs, ouditeurs en trustmaatskappye in wat in boedelbeplanning spesialiseer. Hulle kan die uitvoerbaarheid van jou boedel toets.
- 5 Wat doen ek as my oorspronklike testament weg is?** Die veiligste is om 'n nuwe testament op te stel, maan Erik. Die meester mag nie summier 'n afskrif aanvaar nie – die hooggeregshof moet toestem. Dit sal geld en tyd kos, en die aansoek kan dalk misluk.

46% VERWAG OM REGTIG OUD TE WORD



In die Sanlam Life Surprises Survey vir 2014 het die meeste mense aangedui hulle glo hulle sal in hul 80's sterf. 'n Klein minderheid reken hulle gaan minstens 120 jaar haal. Die meeste mense (46 persent) verwag hulle sal eendag van ouderdom

sterf; gevolg deur siekte (38 persent).

WENK

Werk jou testament gereeld by sodat almal erf soos jy wil hê hulle moet.

KRY HIER NOG HULP

- Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika: www.fidsa.org.za
- Die meester van die hooggeregshof: www.justice.gov.za
- Departement van binnelandse sake: www.dha.gov.za

'Ek is nie bang om te sterf nie; ek wil net nie daar wees wanneer dit gebeur nie'

- WOODY ALLEN, SKRYWER, AKTEUR EN REGISSEUR